

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c      Wednesday 28 November 1973      WINDHOEK      Woensdag 28 November 1973.      No. 3363

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

GOVERNMENT NOTICE:

GOEWERMENSKENNISGEWING:

No. 243 Ordinance, 1973: Promulgation of ... ..

Ordonnansie, 1973: Uitvaardiging van ... ..1206

**Government Notice**

**Goewermentskennisgewing**

The following Government Notice is published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Secretary for South West Africa.*

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 243.]      [28 November 1973

No. 243.]      [28 November 1973.

ORDINANCE, 1973: PROMULGATION OF

ORDONNANSIE, 1973: UITVAARDIGING VAN

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act.

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:-

No.	Title	Page
22	Roads Further Amendment Ordinance, 1973.	1207

No.	Titel	Bladsy
22	Verdere Wysigingsordonnansie op Paaie, 1973	1208

No. 22 of 1973.]

ROADS FURTHER AMENDMENT ORDINANCE,  
1973.

(Assented to 27 November 1973.)  
(Afrikaans text signed by the Administrator.)  
(Date of commencement 28 November 1973.)

**ORDINANCE**

To amend the Roads Ordinance, 1972, in regard to the application thereof within the areas of local authorities; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of the Classification of Ordinance 17 of 1972.

1. The Classification of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the insertion after section 1 of the following section:

“1A. Application of Ordinance within urban areas.”

Amendment of section 1 of Ordinance 17 of 1972.

2. Section 1 of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the proviso to the definition of “proclaimed road”.

Insertion of section 1A in Ordinance 17 of 1972.

3. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 1:

“Application of Ordinance within urban areas.

1A. Only the provisions of sections 1, 3(2), 4(1), 22(1)(a), 22(3), 23, 24, 25, 26, 27, 28, 30, 31, 32, 36, 37, 39, 56, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 65 and 68 of this Ordinance shall apply within an urban area: Provided that -

- (a) the provisions of sections 36, 37, 56, 57 and 62 shall within an urban area apply only to urban trunk and main roads maintained by the Executive Committee in terms of section 25;
- (b) the powers granted to the Executive Committee in terms of sections 30 and 37 shall only be exercised within an urban area in consultation with the local authority concerned;
- (c) the powers granted to the Executive Committee in terms of section 31 shall only be exercised within an urban area after consultation with the local authority concerned.”

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Roads Further Amendment Ordinance, 1973.

No. 22 van 1973.]

VERDERE WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE,  
1973.

(Goedgekeur 27 November 1973.)  
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)  
(Datum van inwerkingtreding 28 November 1973.)

**ORDONNANSIE**

Tot wysiging van die Ordonnansie op Paaie, 1972, betreffende die toepassing daarvan binne die gebiede van plaaslike besture; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Die Indeling van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur na artikel 1 die volgende artikel in te voeg:

Wysiging van die Indeling van Ordonnansie 17 van 1972.

“1A. Toepassing van Ordonnansie binne stedelike gebiede.”.

2. Artikel 1 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by die woordomskrywing van “geproklameerde pad” te skrap.

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1972.

3. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 1 ingevoeg:

Invoeging van artikel 1A in Ordonnansie 17 van 1972.

“Toepassing van Ordonnansie binne stedelike gebiede.

1A. Slegs die bepalings van artikels 1, 3(2), 4(1), 22(1)(a), 22(3), 23, 24, 25, 26, 27, 28, 30, 31, 32, 36, 37, 39, 56, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 65 en 68 van hierdie Ordonnansie is binne ’n stedelike gebied van toepassing: Met dien verstande dat -

(a) die bepalings van artikels 36, 37, 56, 57 en 62 binne ’n stedelike gebied van toepassing is slegs op stedelike hoof- en grootpaaie wat ingevolge artikel 25 deur die Uitvoerende Komitee in stand gehou word;

(b) die bevoegdheid ingevolge artikels 30 en 37 aan die Uitvoerende Komitee verleen, slegs in oorleg met die betrokke plaaslike bestuur binne ’n stedelike gebied uitgeoefen word;

(c) die bevoegdheid ingevolge artikel 31 aan die Uitvoerende Komitee verleen slegs na beraadslaging met die betrokke plaaslike bestuur binne ’n stedelike gebied uitgeoefen word.”.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Verdere Wysigingsordonnansie op Paaie, 1973.

Kort titel